

Vrydag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6

God kom woon deur sy Gees onder sy volk in geheel en afsonderlik

Ons gee graag die beste vir ons kinders. Daarom gee die Here die heel beste vir sy kinders – sy *Seun* en sy *Gees*. Die Heilige Gees kom nie net na ons toe nie, Hy kom woon *in* ons harte. Ons *hart* – dit dui op die diepste van jou menswees, die kern van ons lewe. Dit is waar ons woorde en daade en gedagtes vorm. Daar setel jou gevoel, jou emosies. Spreuke 4:23 sê: “Wat in jou hart omgaan, bepaal jou hele lewe.”

Christus gaan uit sy Vader se liefde, uit sy hart! – om vir ons te kom sterf. *Ook Christus* kom werk op aarde vanuit die liefde van sy hart. Dan stuur die Vader die Gees om ook in ons harte te kom woon. Hy kom verander en vernu-we ons hart na die hart van God.

Wanneer ’n mensehart so diep aangeraak word, reageer ons met die hart op die Vader se liefde. Liefde beantwoord liefde. ’n Hart roep tot die Vaderhart – Abba! Abba beteken Vader. Uit die hart van ons Vader, en weer terug vanuit ’n mensehart tot die hart van ons Vader word die liefde uitgeroep.

En omdat die Gees in ons elkeen se hart woon, kan ons mekaar ook van harte liefhê. Die Gees snoer ons harte saam. In “ONS” harte beteken dat dieselfde Gees in ons elkeen se hart is. Die Gees werk nie een gesindheid in jou hart en ’n ander gesindheid in iemand anders se hart, sodat twee mense se gesindhede teenoor mekaar staan, nie. Hy werk dieselfde liefde, die liefde van God, en dieselfde behoefte tot God, in ons elkeen.

Daarom behoort gelowiges, en kan gelowiges, vrede met mekaar te hê en in eensgesindheid met mekaar lewe.

Sing: Skrifberyming 10-1:1, 2

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)